# Hoofstuk van die dag: Jeremia 7

> *Julle kan mos nie steel, moor, egbreuk pleeg, vals ede aflê, […] en My dan ook nog in hierdie tempel wat na my Naam genoem is, kom dien en sê: "Ons is veilig" nie!_(Jer 7:9-10)*

Hoe jy in die week leef en optree teenoor ander, is net so

belangrik as hoe jy op Sondae in die kerk optree. Die twee kan nie los van mekaar staan nie. Anders gestel: naastediens is net so belangrik soos erediens. As dit wat in die erediens gebeur, nie korreleer met hoe jy van dag tot dag leef nie, is jy besig om jouself te bedrieg. Dís die boodskap wat Jeremia aan die volk wat tempel toe gekom het, moes bring.
Dit was natuurlik ook Jesus se boodskap. Lees gerus sy woorde oor die laaste oordeel in sy profetiese rede (Matt 25:31-46).
Só ontsteld is God oor wat gebeur, dat Hy Jeremia belet om langer vir die volk te bid. Daar kan 'n tyd kom dat gebede nie meer help nie. Dit was God se boodskap aan Saul ook (1 Sam 15:22). By só 'n punt is diepgaande berou en bekering, terugdraai na God en wegdraai van die kwaad, al wat jou kan red van God se oordeel (vers 3, 7, 23).



© Bybelkoerant 2018 – 2026